

Skenkingsbelasting

Wat is dit?

'n Skenking is enige kostelose (gratis of teen geen prys) wegmaking van eiendom, insluitend enige kostelose kwytstelling of afstanddoening van 'n reg. Indien die persoon (ontvanger/begiftigde), wat die skenking ontvang, enigiets inruil gee, word dit nie as 'n skenking geag nie.

'n Skenking tree in wanneer alle regsformaliteite vir 'n geldige skenking nagekom is [artikel 55(3)].

Skenkingsbelastingkoers

Vir die maand van Februarie 2018 en vorige maande, is dit 'n vaste koers van 20%.

Vanaf 1 Maart 2018, word skenkingsbelasting teen 'n vaste koers van 20% gehef op die somtotaal-waarde van eiendom geskenk wat nie R30 miljoen oorskry nie, en teen 'n koers van 25% op die waarde wat R30 miljoen oorskry [artikel 64(1)]. Neem kennis van die volgende -

- om die R30 miljoen drumpel te bepaal, begin die somtotaal-waarde van eiendom geskenk vanaf 1 Maart 2018 tot en met datum van huidige skenking. Enige skenkings gemaak voor 1 Maart 2018 moet nie in berekening gebring word nie;
- die somtotaal-waarde van eiendom om die R30 miljoen drumpel te bepaal, word bereken na die aftrekking van enige vrystellings (artikel 56);
- waar die skenker die R30 miljoen drumpel oorskry het, sal alle daaropvolgende skenkings teen die koers van 25% belas word.

Vrystellings

Daar is vier (4) kategorieë van vrystellings -

- **Kategorie een** - Bepaalde skenkings is geheel vrygestel van skenkingsbelasting. Byvoorbeeld, 'n skenking aan 'n eggenoot gemaak; 'n goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie; enige sfeer van die regering; wat gekanselleer is binne ses (6) maande vanaf die datum van intreding; ens.
- **Kategorie twee** - In die geval van 'n skenker wat nie 'n natuurlike persoon is nie (byvoorbeeld maatskappye en trusts), is die vrystelling beperk tot geleentheidsgeskenke wat nie R10 000 per jaar van aanslag oorskry nie [artikel 56(2)(a)].
- **Kategorie drie** - Die eerste R100 000 van eiendom geskenk in elke jaar van aanslag deur 'n natuurlike persoon, is vrygestel van skenkingsbelasting [artikel 56(2)(b)].

- **Kategorie vier** - Soveel van enige bona fide bydrae gemaak deur die skenker jeens die onderhoud van enige persoon. Hierdie vrystelling is beperk tot wat die kommissaris as redelik ag [artikel 56(2)(c)].

Wie is aanspreeklik vir skenkingsbelasting?

Skenkingsbelasting is van toepassing op enige persoon (byvoorbeeld: individu, maatskappy of trust) wat 'n inwoner is. Dus is nie-inwoners nie aanspreeklik vir skenkingsbelasting nie.

Die persoon wat die skenking maak (skenker) is aanspreeklik om die skenkingsbelasting te betaal, maar indien die skenker versuim om die belasting oor te betaal binne die vasgestelde betaaltydperk, word die skenker en ontvanger gesamentlik en onderskeidelik aanspreeklik (artikel 59).

Die kommissaris kan ter enige tyd 'n aanslag rig op die skenker of ontvanger (of beide) vir die skenkingsbelasting, insluitend waar die kommissaris bevind dat die volle bedrag skenkingsbelasting nie betaal is nie, 'n aanslag rig vir die verskil. Die betaling deur òf die skenker òf die ontvanger sal sodanige gesamentlike aanspreeklikheid kwytskel [artikel 60(5)].

Watter stappe moet ek volg?

Na 'n skenking gemaak is, moet die skenker 'n IT144 vorm (verklaring deur skenker/ontvanger) voltooi en by sy/haar naaste SARS-tak indien, tesame met bewys van betaling. Skenkingsbelastingbetalings moet deur eFiling betaal word.

Wanneer moet dit betaal word?

Skenkingsbelasting moet betaal word teen die einde van die maand wat volg op die maand waarin die skenking in werking tree, of sodanige langer tydperk wat SARS toelaat [artikel 60(1)].

Hoe werk skenkingsbelasting ten opsigte van 'n erflating? [Klik hier vir meer inligting.](#)